

HOOFSTUK I

1. Inleiding:

Die oogmerke met hierdie studie is om aan die hand van die geskiedenis van spraakvryheid en persvryheid vas te stel of en in watter mate die staat en ander gesagskringe hulle in sekere tydvakke wat vir die Westerse beskawing van besondere betekenis is, genoop gevoel het om die staatsveiligheid te verseker deur die oplegging van beletsels op spraakvryheid, later veral persvryheid, en wel sedert die vroegste bestaansjare van die Europese koerantwese in die sestiende eeu. Aangesien spraakvryheid egter duisende jare ouer as persvryheid is, is dit nodig dat die geskiedenis van spraakvryheid - en die beletsels daarop - tot 'n veel vroeër datum nagespoor word, nie alleen om tendense te probeer vind nie, maar ook omdat die staatskundige fundamente waarop die Republiek Suid-Afrika rus, hul prinsipiële beslag meer as twintig eeue gelede gevind het juis in die beskawings wat by die studie van spraak- en persvryheid werklik ter sake is, naamlik dié van Athene, Rome en Jerusalem. Die religie van die Republiek is 'n erfenis van die Hebreeuse wêreld, sy demokratiese bestuursvorme is grondliggend aan die Griekse demokrasie ontleen en sy regsorde tot groot hoogte 'n erfenis van die Romeinse regstelsel. Aangesien hierdie deel van die studie slegs bedoel is om tendense in breë trekke vas te lê, word net hoofmomente in die ontwikkelingsgang van spraak- en persvryheid in die voorChristelike tydperk aangetoon. In dié deel van die studie word in hoofsaak op sekondêre bronne-materiaal staatgemaak omdat baie aspekte van vroeë sensuur voorheen al nagevors en beskryf is.

Omdat die vraagstuk van spraak- en persvryheid en die beletsels daarop ensiklopedies van formaat is en baie fasette het, word in hierdie studie slegs in die verbygaan na vryheid en sensuur in verband met die goeie sede en die religie verwys en word in die eerste plaas op die verlening of inkorting van spraak- en persvryheid vir sover dit die veiligheid van die staat betref, toegespits. Na kerklike sensuur word slegs verwys vir sover kerklike sensuur regstreeks vir die staat en sy veiligheid van betekenis was of is. Leer- en herderlike tug word m.a.w. slegs in die verbygaan aangeroer.

Aangesien dit voorts prakties onmoontlik is om binne die bestek van hierdie studie 'n volledige ondersoek te doen na die vraagstuk van spraak- en persvryheid in al die stamlande van die Republiek, moet hierdie studie noodwendig tot enkele lande en betekenisvolle tydvakke beperk word. Ná 'n

saaklike bespreking van die verskynsels spraakvryheid en die beletsels daarop in die voorChristelike bedeling, word sensuurtendense by die Rooms-Katolieke Kerk bespreek, en wel veral met betrekking tot staatsaangeleenthede. Daarop volg 'n saaklike bespreking van die stryd om erkenning van spraak- en persvryheid in die Angelsaksiese lande, veral Brittanje, en Nederland in die sewentiende en agtiende eeu. Die vryheidsbeginsels wat in hierdie tyd in Nederland en Brittanje vasgelê is, is naamlik nog steeds van fundamentele belang vir die Westerse demokratiese denke en instellings. Spraak- en persvryheid in Europa word tot die einde van die 18e eeu bespreek, en wel omdat die persontwikkeling van Suid-Afrika aan die einde van die 18e eeu begin het, in hoër mate aan die hand van die destydse Europese beginsels en gebruike.

Weens die feit dat persontwikkeling in Suid-Afrika soveel later as in Nederland en Brittanje begin het - die eerste Suid-Afrikaanse blaadjie het eers in die jaar 1800 verskyn - en staatkundige ontwikkelinge so traag gevorder het - koloniale oorheersing het in die praktyk maar eers in die derde dekade van die twintigste eeu end gekry - het die beletsels op spraakvryheid in Suid-Afrika 'n langer en meer ingewikkelde geskiedenis as die beletsels op persvryheid. 'n Poging sal gevolglik aangewend word om aan te toon watter invloed burgerlike en staatkundige onvryheid, veral aan die Kaap, eers op spraak- en daarna op persvryheid gehad het. In hierdie verband word veral op die gedraginge van die Afrikaanssprekende volksdeel onder Britse gesag gelet.

Vir sover dit juridiese beperkinge op spraak- en persvryheid betref, word ten opsigte van die Republiek hoofsaaklik aan die tydperk 1910 tot 1967 aandag geskenk. Die Tweede Vryheidsoorlog van 1899-1902 het die perswetgewing van die ou Republieke kragteloos gemaak, terwyl Kaapland en Natal afgesien van Ordonnansie 60 van 1827(K) geen wetgewing gehad het wat spraak- en persvryheid volledig en uitdruklik gereël het nie. Die jaar 1910 lui dus ook wat hierdie vraagstuk betref, 'n nuwe tydperk in Suid-Afrika in.

2. Uitgangspunte:

In die slothoofstuk sal ook gepoog word om 'n antwoord te vind op die vraag of perssensuur in die omstandighede van die Republiek af te keur of regverdigbaar is. Geen poging sal aangewend word om die ontstaan van die staat en die omvang en grense van sy gesag te ondersoek nie. Dié vraagstuk is so wyd dat dit onmoontlik as onderdeel van 'n proefskrif afgehandel kan

word.⁽¹⁾ Daar word dus van enkele veronderstellinge uitgegaan, naamlik:

(a) In die bekende menslike geskiedenis was die staat altyd 'n werklikheid. Prof. L.J. du Plessis skryf in hierdie verband: „Hoe ver ons ook al teruggaan in die skaduwee-agtige verlede, nooit vind ons 'n tyd waarin die staat nog nie bestaan het nie. Wat ons egter wel vind, is dat die oudste of vroegste state blykbaar nou verbonde is met die familie-organisasie.”⁽²⁾

(b) Die staat was altyd en is nog steeds met gesag bekleed, volgens Du Plessis met die „reg van seggenskap oor die onderdane.”⁽³⁾ Die staat „is geregtig om dié seggenskap te ondersteun deur aanwending van die staatsgemeenskap se mag in die uiterste vorm van dwang. Maar dié gesag het 'n bepaalde bestemming, naamlik om die reg van en in die betrokke staatsgemeenskap te handhaaf, d.w.s. om te verseker dat daardie samelewingsreëlinge verwesenlik word wat deur vergelding dié samelewingsvereistes tot stand bring wat vir die samelewing noodsaaklik is en nie deur ander middels genoegsaam voorsien kan word nie.”⁽⁴⁾ Hieruit vloei noodwendig voort dat die staat die reg en gesag het om bepaalde burgerlike regte en vryhede, waaronder natuurlik spraak- en persvryheid, in te trek of op te skort wanneer die staatsveiligheid dit verg. Hugo de Groot se bevinding in hierdie verband het volgens die weergawe van Mekkes gelui: „De koning kan den onderdanen een hun verleend recht ontnemen, indien het staatsbelang dit eischt. Over het intreden van dezen eisch heeft de koning alleen te beslissen.”⁽⁵⁾

(c) Naas die met gesag beklede staat het daar egter ook sedert die vroegste tye sekere persoonlike vryhede en regte bestaan. Die belangrikste van hierdie vryhede was vryheid van spraak (die parresia van die Atheners wat in die volgende hoofstuk nader bespreek word) en die reg om te besit. (Nabot⁽⁶⁾ kon bv. sy besitreg op sy wingerd regtens selfs teenoor die koning

(1) Onder die vele standaardwerke wat in hierdie verband gelees kan word, is: Du Plessis, L.J., Die staatsteorie van Jean Calvin; Diepenhorst, I.A., Historisch-critische bydrage tot de leer van den Christelyken staat; Dooyeweerd, H., De stryd om het souvereiniteitsbegrip in de moderne rechts- en staatsleer; Mekkes, J.P.A., Ontwikkeling der Humanistiese rechtsstaatstheorieën.

(2) Du Plessis, L.J., Die Moderne Staat, p.3.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

(5) Mekkes, p. 144.

(6) 1 Konings 21:1-19.

handhaaf). Trouens, die deur God geskape mens was aanvanklik n volmaakte, vrye mens en slegs aan God, sy Skepper, onderhorig. (7)

3. Begripsbepalings:

Oor die vraag of spraak- en persvryheid ekwivalent is, sal later prinsipiëel besin word. In hierdie studie beteken -

(a) Pers nie slegs die produkte van die drukpers nie, naamlik koerante, tydskrifte, boeke, pamflette en strooibiljette, maar ook al die produkte van die ander massakommunikasiemedia wat in die moderne tyd ontwikkel is, nl. die radio, beeldradio, rolprent en ander media vir die reproduksie van beeld of klank, kortom alle media met behulp waarvan feite en meninge oorgedra kan word.

Later sal aangetoon word dat die Republikeinse Parlement hom in die jongste tyd by hierdie uitbreiding van die begrip pers aansluit, bv. in die Verdedigingswet van 1967. Kortom: die woord pers beteken die totaal van alle media met behulp waarvan feite oorgedra of meninge uitgespreek kan word.)

(b) Sensuur alle beletsels, behalwe ekonomiese onvermoë, op die vrye verkryging en mededeling van feitekennis en die uitspraak van meninge rakende in die eerste plaas die sedelike orde, maar in die besonder oor en in verband met aangeleenthede wat die staatsbestuur en die staatsveiligheid aangaan.

Daar word egter nie van die standpunt uitgegaan dat die pers „reg" op die verkryging van alle inligting het nie. Hierdie „reg" sal later eweneens prinsipiëel ontleed word.

Hierdie omskrywing is wyer as dié van Winkler Prins, (8) wat sensuur omskryf as „het toezicht, dat een wereldlijke of geestelijke autoriteit uitoefent op meningen en gedragingen, die een gevestigde politieke of morele orde aantasten of ten minsteschijsen aan te tasten." Dit strek ook veel verder as die omskrywing van sensuur in die Encyclopedia of Religion and Ethics, (9) naamlik „in the present article this term is used in the sense of the official examination and regulation of matter intended for publication or for the stage. It applies to newspaperers, songs or plays and is not to be confounded with inspection of publications or plays after production, with possible prosecution if immorality or sedition be found. Censorship

(7) Vergelyk die skeppingsgeskiedenis, Gen. 2 en 3.

(8) Band 5, p. 652.

(9) Band iii, p.304.

proper takes place before publication. It is a private function, though discharged by a public official. It may abort intended books or plays, and the public may never know - hence its peculiar dangers."

Vir die pers is dit prinsipieel - en pragmaties - nie van besondere betekenis of beletsels op die vrye verkryging en mededeling van feitekennis en die uitspreek van meninge vooraf verbied of verhoed of agterna gestraf word nie. Indien die pers werklik „vry" moet wees, kom dit ook nie baie daarop aan of daardie beletsels van die staat self kom nie, of van 'n amptenaar, of op grond van 'n hofbeslissing, of van 'n politieke party, 'n kerk, 'n pressiegroep, 'n groot adverteerder of die eienaar van die publikasie self nie.

Dit spreek natuurlik vanself dat statutêre of hofsensuur die swaarste weeg omdat miskenning daarvan 'n strafwaardige misdryf is, maar 'n suiwer juridiese benadering van die vraagstuk van spraak- en persvryheid los nie al die probleme op wat die onbelemmerde uitoefening van spraak- en persvryheid omgeef nie.

(c) Perssensuur alle beletsels, behalwe ekonomiese, van watter aard ook al op die onbelemmerde verkryging en mededeling van feitelike nuus en die uitspreek van meninge in of deur middel van enige van die kommunikasiemedie wat hierbo onder (a) genoem word.

(d) Staatsveiligheid die instandhouding en beskerming van al die regsgoed van die staat, desnoods met geweld. Die regsgoed van die staat wat by die uitoefening van sensuur van besondere belang is, is o.a. die staat se bestaan en voortbestaan; die openbare orde binne die staatsverband; die reg van verweer teen aanvalle van buite die landsgrense; die waardigheid van die staat; die regspleging en die ekonomiese voorspoed van die staat en burgery.

4. Vorme van sensuur: (a) Spraak- en perssensuur het in die verlede al baie vorme aangeneem, waaronder vermaning en betigting; die prediking; ⁽¹⁰⁾ die aanlê van lyste van verbode boeke of geskrifte, bv. die Rooms-Katolieke Kerk se Index; die uitspreek van banvloeke; die verbranding van boeke en ander geskrifte, soos in die dae van die Inkwisisie; die straf van die skrywer (in die ou tyd selfs met marteling, inkerkering en teregstelling op die brandstapel). In die moderne tyd is vernietiging van ongewenste lektuur deur die staat steeds in swang en kan die skrywer van ongewenste lektuur in baie lande 'n boete of tronkstraf opgelê word. In die diktature van die moderne

(10) Vergelyk Handeling 19:19.

tyd kom verbanning nog voor. Die voorkoms van hierdie vorme van sensuur word in Hoofstuk II en III nader bespreek.

(b) In die moderne tyd pas die pers in baie lande 'n stelsel van vrywillige interne sensuur toe, gewoonlik deur 'n raad wat deur die pers self aangewys word om toe te sien dat 'n kode wat eweneens deur die pers self opgestel word, toegepas word. Hierdie vorm van sensuur word in Hoofstuk V en VI behandel, met besondere beklemtoning van die toestand in die Republiek.

(c) Op regeringsvlak word veral twee vorme van sensuur toegepas, naamlik statutêre en administratiewe sensuur. By eersgenoemde word deur die regering by wet bepaal wat openbaar gemaak mag word en wat nie, terwyl dit by administratiewe sensuur in die besonder om die weerhouding van inligting deur 'n owerheidspersoon of 'n verantwoordelike amptenaar gaan. In die geval van statutêre sensuur word soms uitdruklik bepaal watter strawwe deur die howe opgelê kan of moet word wanneer 'n sensuurbepaling oortree word. By die toepassing van administratiewe sensuur word in die Republiek in die eerste plaas teen die bron van ongemagtigde inligting opgetree, maar ook teen die skrywer van die gewraakte stuk indien hy die bron van sy inligting nie openbaar wil maak wanneer hy deur 'n daartoe gemagtigde daarom gevra word nie.

In 'n noodtoestand soos oorlog of rebellie kan alle regerings administratiewe sensuur op die pers sowel as pos en telegrafiese boodskappe toepas, bv. in Rhodesië ná dié staat se eensydige onafhanklikheidsverklaring.⁽¹¹⁾ Aan hierdie vorm van sensuur sal in hierdie studie nie veel aandag bestee word nie omdat sensuur in tyd van oorlog en noodtoestande deurgaans gelate deur verantwoordelike persorgane aanvaar word. Waaroor wel verskil van mening bestaan, is die mate van sensuur wat in noodtoestande toegepas behoort te word. Sedert die Rhodesiese onafhanklikheidsverklaring was oor hierdie vraag voortdurend 'n stryd aan die gang tussen die Rhodesiese sensore en die pers.⁽¹²⁾ 'n Bylaag word hierby aangeheg om aan te toon watter vorm so 'n sensuurooreenkoms tussen die staat en die pers gewoonlik in oorlogstyd aanneem.

(d) Veel moeiliker is dit om die sensuur wat deur pressiegroepe, die voorstanders van ideologieë of kragtige belangegroepes uitgeoefen word, uit te wys, en wel omdat die uitoefening van sodanige sensuur heel subtiel en bedektelik

(11) Vergelyk Rhodesian Government Notice no. 62 of 1967: Emergency Powers (Control of Publications). Sien ook Bulletin of the International Commission of Jurists, No. 10, January 1960, p. 5 e.v. oor die perssensuur in Ceylon na die moord op Bandanaraika.

(12) Vergelyk Rand Daily Mail, 15/6/67, p.4.

geskied. Dit is haas onmoontlik om vas te stel in watter mate groot adverteerders daarin slaag om persorgane geheel of gedeeltelik die swye op te lê. Niks sigbaars vind gewoonlik plaas nie anders as 'n ongeskrewe sinspeling daarop dat die advertensiebegroting moontlik gewysig kan word. In perskringe word algemeen geglo dat hierdie vorm van sensuur op die besture van persorgane uitgeoefen word, maar bewyse ontbreek feitlik heeltemal.

Koerante en tydskrifte wat lyforgane van politieke partye is, staan in baie gevalle onder die verpligting om so min as moontlik te skryf wat die party kan benadeel. Getalryke kerke kan ook in hierdie rigting druk uit-oefen omdat min persorgane aan groot lesersgroepe aanstoot wil gee. Min Afrikaanse koerante sou bv. willens en wetens iets plaas wat een van die drie Afrikaanse kerke ernstig tot skade strek of ernstige aanstoot sal gee, terwyl die Engelstalige pers te alle tye vir die Engelstalige kerke in die bres tree.⁽¹³⁾ Hierdie bevoordeling geskied deur verswyging of deur aanprysing, egter in so 'n mate vrywillig dat daar van druk nie eens sprake hoef te wees nie.

Kritiek op bevriende belangegroepe ontbreek eweneens feitlik dwarsdeur die pers. Morris Broughton skryf in hierdie verband bv.: „The English press never criticises itself.....the general rule is to ignore the errors, lapses, misrepresentations of which newspaper members of its own language group may be guilty.”⁽¹⁴⁾

Hierdie vorm van sensuur het byna altyd die verswyging van onaangename feite ten doel: net gunstige beriggewing en kommentaar of glad geen beriggewing en kommentaar nie.

In die slothoofstuk sal 'n poging aangewend word om enkele prinsipiële riglyne met betrekking tot persvryheid en -sensuur vas te lê. Die vraag sal ook bespreek word of dit in die omstandighede van die Republiek Suid-Afrika, gesien sy posisie in die wêreld, wel nodig is om sekere vorme van perssensuur statutêr vas te lê en of die pers se interne sensuurmeganisme voldoende is om die staatsveiligheid aan 'n geheel ongebonde pers oor te laat.

(13) 'n Interessante studie sou gemaak kan word van die „goeie pers” wat geestelikes soos eerw. Trevor Huddleston, ^{biskop Reeves, aarts?} biskop Joost de Blank en in die jare 1966 en 1967 biskop Crowther van Kimberley geniet het.

(14) Broughton, M., Press and Politics of South Africa, p.82.

*Ondeurkneet
Nie goed begrepe
geforceerd.*

Antieke sensuur

Die blanke beskawing in die Republiek van Suid-Afrika - en hiermee word nie te kenne gegee dat daar nie ook ander beskawings in Suidelike Afrika ontstaan het en bestaan nie - berus histories op drie pylers: die Hebreeus/Christelike religie, die demokratiese staatsinrigting wat in oervorm aan die ou Griekse demokrasie ontleen is, en die Republikeinse regsorde, wat via die Romeins-Hollandse Reg tot aansienlike hoogte aan die Romeinse Reg ontleen is, 'n regstelsel wat in die twee, drie eeue voor die geboorte van Christus in die antieke Rome sy beslag gekry het. Kortom, die Republiek van Suid-Afrika is religieus, staatkundig en juridies gefundeer in religieuse, staatkundige en juridiese beginsels wat die toets van 25 tot 30 eeue deurstaan het.

In hierdie hoofstuk sal aangetoon word dat in die religieuse, staatkundige en juridiese erfenis van die Republiek twee onmiskenbare werklikhede vervleg is, nl. vryheid aan die een kant en verantwoordelikheid aan die ander kant, vryheid wat deur God, kerk en staat verleen is en steeds erken word, en verantwoordelikheid wat in die eerste instansie deur God en die kerk vereis en in die laaste instansie deur die staat afgedwing word.

I. DIE OU-TESTAMENTIESE BEDELING

In die Ou-Testamentiese bedeling was daar van menslik geformuleerde en afgedwonge sensuur sowat geen sprake nie, wel van volledig gekodifiseerde reg, 'n kodifikasie wat onder die regstreekse leiding van God en deur van God geroepenes verrig is. Met hierdie regscode maak ons - ná 'n tydperk van persoonlike regering deur God self - in die Twee Tafels⁽¹⁾ kennis⁽²⁾.

Terwyl in die Tien Geboois slegs die verhouding van die mens tot God en sy naaste bepaal word, volg vir Israel al dadelik verdere gekodifiseerde reg. In Exodus 21⁽³⁾ word bv. die slawerny juridies gereël en in Exodus 22⁽⁴⁾ volg die wetgewing oor die eiendom van die naaste, selfs oor die verleiding van 'n onverloofde meisie; word die doodstraf vir hekse verorden asook vir mense wat met diere geslagtelike omgang het⁽⁵⁾. Die Bybelboek Levitikus is nie slegs 'n

(1) Exodus 20.

(2) Vergelyk Die Bybel met Verklarende Aantekeninge, Band 1, p.163.

(3) Ibid, p.165.

(4) Ibid, p.168.

(5) Ibid, p.169.